Bloemfontein Baptiste Kerk

Saam groei ons tree vir tree

# Koning Stories

# Deel 3 – Misbruik van Invloed

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Hoe definieer jy 'n leier?**

**Op watter manier het jy al negatiewe gevolge in jou lewe of by jou werk beleef oor die keuses van leiers bo jou?**

**Wat sal jy wil hê moet mense van jou onthou aan die einde van jou lewe? Dink jy dit is moontlik dat ons vir meer as ons foute onthou kan word? Verduidelik.**

**Watter dinge doen mense om hul skuldgevoel beter te laat voel? Dink jy dit kan werk?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Psalm 32:3-4 en Spreuke 28:13. Hoekom dink jy het sondes wat nie bely is nie so negatiewe uitwerking op ons gemoed?**

**Openbaring 12:10. Hierdie vers noem die duiwel die aanklaer van die gelowiges. Op watter manier het jy al ervaar jy word die heeltyd aangekla oor jou foute of sonde?**

**Romeine 8:1. Hoekom is dit belangrik om hierdie belofte te onthou wanneer ons bly skuldig voel oor ons sondes?**

**Psalm 103:12; Miga 7:18-19 en 1 Johannes 1:9. Wat staan vir jou uit van hierdie verse? Hoekom sukkel ons baie keer om hierdie waarhede te onthou?**

**2 Korintiërs 5:21. Hoe sal jy vir iemand hierdie vers verduidelik?**

**Psalm 51:1-2 en Jakobus 5:16. Psalm 51:1-2 maak dit baie openbaar oor wat Dawid gedoen het. Wat belowe Jakobus sal met ons gebeur as ons ons sondes in die lig bring en dit teenoor mekaar bely?**

**Waaroor voel jy tans skuldig? Hoe kan jy dit voor die Here bring? Aan watter van die bostaande beloftes het jy nodig om jouself te herinner?**

**Skryf 'n gebed wat jy in jou hart beleef neer vir die Here.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**